Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## SONDAG 14 SEPTEMBER 2025

## Eredienste

**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer
**Teks:** Eksodus 2:23 – 3:15 (2020 vertaling)
**Tema:** Sy naam is... Ek is

**18:00 Aanddiens (Kleinkerk)**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer
**Teks:** Eksodus 2:23 – 3:15 (2020 vertaling)
**Tema:** Sy naam is... Ek is

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges) - Gemeentesentrum**
**Aanbieder:** Carin
**Tema:** Saggeus ontmoet vir Jesus

**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Lisa Lombaard
**Tema:** Jesus as ons Redder (Psalm 91, Jesaja 12:2, Jesaja 43:11)

**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Lisa Lombaard
**Tema:** Jesus as ons Redder (Psalm 91, Jesaja 12:2, Jesaja 43:11)

**10:00 TvC (Gr 8 – 10) – Kerkgebou**
**Aanbieder:** Magdelie Erasmus
**Tema:** Adam & Eva (God steek die grens na ons toe oor) (Genesis 3: 6 – 9)

**10:00 Belydenis groep (Gr 11) – Lokaal 1**
**Aanbieder:** Ds Gerhard Meyer
**Tema:** Paulus en sy briewe

### DIE KOMENDE WEEK…

**Woensdag 17 September**
**09:00** Bybelstudie – ds Leon (Kleinkerk)
**18:00** Mannegroep – Lokaal 2
**Donderdag 18 September**
**08:45** Bybelstudie – ds Gerhard (Kleinkerk)
**14:00** Naaldwerkklasse – Lokaal 1 & 2

### SONDAG 21 SEPTEMBER

**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk – Lokaal 2**
**09:00 Kinderkerk – Kleinkerk**
**10:00 JOG – Kleinkerk**
**10:00 TvC – Kerkgebou**
**10:00 Belydenisklas – Lokaal 1**

**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Fonds vir Bystandsprogram**

## Lief en Leed

Faan Schoeman, Caritas, is uit ICU, maar is steeds in Rosepark hospitaal.
Pieter Miles, GA Watermeyer, is ontslaan, ons bid vir aansterking.
Wian de Kock, is in die hospitaal na 'n motorongeluk.
**Verjaarsdae 80 en ouer:**
Paul de Lange, Lina Spies, verjaar 14 September (82)
Heleen Joubert, Charnépark, verjaar 15 September (90)
Renier van Rooyen (Dok), Kleinbosch, verjaar 16 September (80)
Marietjie Pienaar, Sangiro, verjaar 20 September (81)

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

# STAP EN FIETS RY



# VIR BYBELS

WIM BOTHA STR, LHP
21 SEPT 10:00
NA EREDIENS

R25 PER KIND
R50 VIR VOLWASSENE
(SLUIT N KOELDRANKIE IN)

**Sondag 21 September net na die diens. Ons ontmoet mekaar by die oop veld in Elsabé Steenbergstraat vanwaar die roete gevolg sal word na Stuck in the Mud se kant toe. Inskrywings word op die dag gedoen.**

**OMGEE BLOMME**

Neem 'n blom en gee dit vir iemand wat 'n bietjie ekstra omgee nodig het.



SOSATIES MAAK
Saterdag 20 September
08:00 Konsistorie
Bring 'n skerp mes en 'n snybord of net jou hande om te help met maak van die sosaties.
**SKRYF JOU NAAM OP DIE LYS ASB!**

**Lys is op die Nagmaal tafel**

**KERMIS 24 SEPTEMBER 2025**

VANDAG LIG ONS DIE VOLGENDE UIT:-

**KINDERVERMAAK EN SPELETJIES**

Kinders kom neem deel aan ‘n “**Fancy dress**” kompetisie, jy kan aantrek soos iets wat begin met die **eerste letter van jou naam**. Kinders kom teen 09:30 by die Kleinkerk bymekaar, vanwaar almal gaan deelneem aan die parade vir die beoordeling.
Inskrywings kan vooraf by Lisa [0733243008] gedoen word (of op die dag), teen slegs R5.
**Kom wees kreatief en geniet die oggend saam met jou maats. Kinders is welkom om hul maats van buite die gemeente te nooi om deel te neem.**

**ANDER VERMAAK EN SPELETJIES**
'n Springkasteel R5 vir 15 min se spring!
'n Paintball tonnel met 'n teiken waar mens lekker kan skiet.
'n Sak gooi speletjie.
Gesig verf stasie
Daar sal allerhande ander speletjies wees vir die groter kinders wat deur Maretha aangebied sal word – dit is altyd groot pret en opwinding!
'n Toutrek tou sal ook beskikbaar wees vir die wat wil tou trek.

**WAT HET ONS NODIG**

•Gesig verf skenkings
•Stensils en kwassies vir die verf sowel as dalk sponsies, as iemand gekleurde sproei vir hare wil skenk sal ons dit verwelkom!
•Enige **skenkings vir pryse** (soos klein speelgoedjies, lekkers, of geskenk pakkies of finansiële bydraes, sodat ons kan aankoop) is welkom.

Vir meer inligting kontak Lisa [0733243008] – skenkings kan by die kerkkantoor afgegee word!





**BESTANDDELE**

**Die lys het aansienlik gekrimp, hier is die**

**FINALE LYS VAN BESTANDDELE BENODIG**

**BESTANDDELE MOET ASSEBLIEF TEEN MAANDAG 15 SEPTEMBER AFGELEWER WORD.**

***Indien u na 14:00 wil aflewer kontak Willien 083 700 8684***

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bakpoeier | 2.5kg | | |
| Blatjang 750ml bottels | 10 | LEKKERS:- | |
| Bruin asyn | 2 bottels | • Malvalekkers groot | 8 pakke |
| Cremora | 2kg + 500g | • Malvalekkers klein | 2 pakke |
| Crushed Pineapple | 3 blikke | • Peppermint Crisp | 10 |
| Jacobs Koffie (200g) | 2 bottels | • Suurwurms | 2 pakke |
| Kakao | 1.5kg | • Toffies | 6 pakke |
| Klapper | 5kg | • Vrugtelekkers (klein) | 6 pakke |
| Koekmeel | 14kg | | |
| | | Klein pakkies chips (verpak in groot sak) | 2 sakke |
| Strooisuiker | 4 Kg | Roomys cones | 1 pak |
| Langlewe Melk | 12 X 1Liter | Rice Crispies (1kg) | 3 pakke |
| Marie beskuitjies | 5 pakke | | |
| Suiker 2.5kg | 4 pakke | Appels | 5 Sakkies |
| Tamatiesmoor | 6 blikkies | Bacon | 1kg |
| Tamatiesop | 1 pakkie | Cheddar kaas | 1kg |
| Tennis beskuitjies | 7 pakkies | Eiers | 27.5 dosyn |
| Vanilla essence 250ml | 1 bottel | Gemengde gevriesde groente (blokkies) | 10kg |
| Versiersuiker | 10 kg | Roomkaas | 4 bakkies |
| Vla (1 liter houers) | 26 | Uie | 20 |
| | | | |

**Daar kort veral eiers, koekmeel (vir pannekoek) en 1l houers vla**

**KONTANT BYDRAES IS OOK BAIE WELKOM**

